

Afrikaans.com-veldtog: *Jy is Afrikaans as ...*

BEPALINGS EN VOORWAARDES

Beskrywing van kompetisie

- Deelnemers word genooi om 'n kort video wat Afrikaanswees uitbeeld en die volgende stelling voltooi: *Jy is Afrikaans as ...* te maak.
- Baie belangrik: Merk jou inskrywing met die hutsmerk **#tuisinjoutaal**.
- Deelnemers kan soveel keer as wat hul wil inskryf, maar die kompetisiereëls moet deurgaans nagekom word.
- Elke inskrywing moet 'n unieke video wees.

Formaat van kompetisiereëls en inskrywing

- Deelnemers moet hulle video's op hulle Facebook-/Instagramblaaie plaas en Afrikaans.com tag **@afrikaansdotcom** OF die video kan op YouTube gelaai word en die skakel per e-pos aan Afrikaans.com gestuur word by: myafrikaans@afrikaans.com
- Merk jou inskrywing met die hutsmerk **#tuisinjoutaal**.
- Inskrywings wat via ander platforms aan Afrikaans.com gestuur word, is nie geldig nie en sal nie vir die kompetisie in aanmerking kom nie.
- Inskrywings moet in videoformaat wees – 'n kort beskrywing is opsioneel.
- Deelname aan die kompetisie is op die deelnemer se eie risiko en Afrikaans.com kan nie verantwoordelik gehou word vir enige koste, insident en/of besering wat uit die vervaardiging van die video mag voortvloei nie.
- Inskrywings word geag as toestemming vir Afrikaans.com om die videomateriaal na goeddunke in die gemelde TV-advertensie te gebruik en/of op die Afrikaans.com-webtuiste en sosialemediaplattforms aan te wend. Dit sluit in die gebruik van materiaal waarin kinders verskyn. Vrywaring van alle beeldmateriaal word dus met elke inskrywing deur die persoon wat inskryf, gegee.
- Beoordeling berus by Afrikaans.com se interne span.
- Wenners word onafhanklik geoudit om die geldigheid van die kompetisie te verseker.
- Geen persone geaffilieer by Afrikaans.com, of 'n werknemer van Afrikaans.com, mag inskryf nie.
- Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen verdere korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie.

Tydperk van kompetisie

- Die kompetisie open Vrydag, 15 Mei 2020 om 08:00 en is geldig tot en met Maandag, 15 Junie 2020 om 14:00. Slegs inskrywings wat binne hierdie tydsraamwerk ontvang word, sal oorweeg word.
- Die wenvideo's word daarna verwerk en uittreksels daarvan word gebruik in die gemelde Afrikaans.com-TV-advertensie, *Jy is Afrikaans as ...*

- Die wennervideo's sal in hulle geheel op Afrikaans.com se platforms vertoon word.

Vrywaring

- Afrikaans.com behou die reg om geen inskrywings te gebruik nie en 'n alternatief vir hierdie veldtog te oorweeg sou inskrywings nie gepas wees nie.